# Hoofstuk van die dag: Rigters 19

> *Toe die volgende gebeurtenis plaasgevind het, was daar nog nie ’n koning in Israel nie. (vers 1a)*

Die laaste groot vertelling (Rig 19-21) is ook die mees bisarre en ontnugterende verhaal in die boek Rigters. Dit volg

nie kronologies op die Miga-vertelling nie, maar speel in die begin van die Rigterstyd af, toe Pinehas, ’n tydgenoot van Josua, nog geleef het (Rig 20:28). Die vertelling word omraam deur die stelling dat daar nog nie ’n koning was nie, en elkeen het gemaak soos hy lus gekry het (vers 1 en Rig 21:25).
Dit is waar dat ’n sterk leier die morele koers van ’n volk bepaal, maar dis nié waar dat Israel nie ’n morele kompas gehad het sonder ’n koning nie. Hulle het immers die wet van die Here as kompas gehad. Die probleem was dat hulle hulle nie aan die wet (die Bybel) gesteur het nie.
Jakobus skryf in Jak 1:25 en 2:12 dat die wet jou vry maak. Die wet van God sorg dat die samelewing ordelik verloop, dat mense mekaar respekteer en dat mense binne só ’n ruimte vry is om vir God te leef. Gooi die wet van God oorboord, en chaos breek uit.
Dank God vandag vir sy wet, wat ook jóú lewe beskerm.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026